**VAK: AFRIKAANS HUISTAAL**
**GRAAD: 8**

**DATUM:** **NOVEMBER 2019**
**TYD:** **2 UUR**
**TOTAAL:** **80**

---

**TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES :**

**INSTRUKSIES :**


- Skryf netjies en leesbaar.
- Nommer in die middel.
- Lees alle vrae aandagtig en noukeurig.
- Skryf in BLOU pen en LEKKER skryf!

**AFDELING A – Leesbegrip**

**Visuele teks**

**TEKS 1**

**VRAAG 1**




1.1 Wat is heelwaarskynlik die belangrikste item vir die seun. (1)

1.2 Hoe beeld die kunstenaar dit vir ons uit dat die seun seergekry het? (1)

1.3 Dink jy die ma het reg opgetree deur die seun met 'n boek te gooi? Motiveer jou antwoord. (1)


1.4 Voltooi die ma se woorde “Nou sit jy en leer want ...” (1)

1.5 Behalwe vir die seun se deurmekaar kamer, waardeur kan ons ook aflei dat die akademie nie ‘n groot rol in die seun se lewe speel nie? (1)

**[5]**

## VRAAG 2

**TEKS 2**




2.1 Verduidelik die <u>titel</u> van die strokiesprent in jou eie woorde. (1)

2.2 Wat is die rede vir die gebruik van die <u>ELLIPS</u> in raampie 1? (1)

2.3 Beskryf die karakter in raampie 1 se liggaamshouding in net EEN woord. (1)

2.4 Wat dink jy is die <u>ruimte</u> waarin hierdie strokiesprent afspeel? (1)

2.5 Watter karaktereienskap kan jy van die hotelbestuurder aflei? (1)


**[5]**

## VRAAG 3

### ARTIKEL

# HOU OP rook!

**Dink jy dis koel om 'n dampie te slaan? Is dit regtig lekker of probeer jy net inpas?** Deur TSAKANE NDLOVU



**ONS almal ken die "koel" kinders wat graag buite 'n vinnige dampie gaan maak. Van hulle het dalk al vir jou 'n skyf aangebied.**

**Maar voor jy instem, moet jy weet waarvoor jy jou inlaat – soos die feit dat jy met elke trek 400 giftige chemiese stowwe inasem. En dit kan jou op verskeie maniere benadeel.**

**HET JY GEWEET? Die meeste volwasse rokers het voor 18 jaar begin.**

### 1 DIT LAAT JOU ASEM STINK

As jy as nieroker al 'n roker gesoen het, sal jy weet dit is soos om 'n asbak te soen. Dis omdat die reuk van 'n sigaret ure lank in jou longe kan agterbly; dis hoekom die roker se asem sleg ruik. En as jy aanhou rook, kan jy boonop geel tande kry. Grillerig!

### 2 DIS SLEG VIR JOU VEL EN HARE

Die puisie op jou voorkop is niks teenoor hoe 'n jare lange roker se vel lyk nie. Rook beroof jou vel van suurstof en voedingstowwe. Rokers lyk bleek, terwyl party se gelaatskleur onegalig is. Dit kan ook haarverlies bespoedig.

### 3 DIT RUIK SLEG ... LETTERLIK

As die reuk van 'n sigaret ure lank in jou longe bly, dink net hoe lank kleef dit aan jou hande, klere en hare. En glo dit maar, al die lekkers, kougom en parfuum ter wêreld kan nie daardie slegte reuk verdoesel nie.

### 4 DIT LEI TOT SWAK SPORTPRESTASIE

Wil jy graag die volgende Handré Pollard wees? Wel, as jy rook, kan jy maar daarvan vergeet om eendag vir die Bokke uit te draf. Atlete wat rook, sal waarskynlik nooit hul volle potensiaal bereik of so goed soos nierokers vaar nie omdat hul liggaam minder suurstof inkry. Dis hoekom afrigters atlete afraai om te rook.

### 5 DIS 'N DUUR STORIE

Of jy nou begin rook het weens groepsdruk of omdat jy gedink het dis koel, een ding is seker: dis 'n duur verslawing. 'n Pakkie kos gemiddeld R30. As jy 'n strawwe roker is, kan jy 'n pakkie per dag uitrook. Dis R210 per week, R900 per maand en sowat R10 800 per jaar. Dis genoeg geld vir die paar tekkies wat jy al so lank begeer, asook 'n PlayStation en 'n lekker lang vakansie saam met jou vriende. Maar die land ly ook daaroor: rookverwante siektes kos Amerika byvoorbeeld R4,2 triljoen per jaar.

3.1 Skryf die <u>TWEE</u> nadele van rook neer wat in <u>paragraaf 1</u> voorkom. (2)

3.2 Watter sin in hierdie artikel word die meeste beklemtoon? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3 Wat is die betekenis van "koel" in die sub-opskrif? in- ding (1)

3.4 Wat is die aard van die styl van hierdie artikel. Skryf net die korrekte nommer neer.

3.4.1 verhalend
3.4.2 humoristies
3.4.3 informatief
3.4.4 feitlik (1)

3.5 Wie kan ons as die <u>teikengroep</u> van hierdie artikel beskou? (1)

3.6 Skryf 'n goeie voorbeeld van 'n <u>vergelyking</u> uit <u>paragraaf 1</u> tot <u>paragraaf 4</u> neer. (1)

3.7 Skryf EEN woord uit paragraaf 3 neer wat dieselfde beteken as "om iets weg te steek." (1)

3.8 Skryf die <u>homofoon</u> van ly (paragraaf 5) neer en gebruik dit in jou eie sin. (1)

3.9 "… om 'n dampie te slaan." Word hierdie gedeelte letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**TOTAAL [20]**




## AFDELING B - Taal

## VRAAG 4

(1) GOEDHARTIGHEID gee betekenis aan ons eie en ander mense se lewe. As ons vir ander mense omgee, kan ons 'n positiewe invloed op hulle hê. Goedhartigheid lê diep binne-in jou. Sommige van ons gee van nature vir ander mense om, maar enigeen kan kies om barmhartig te wees.


Moeder Teresa


BO: Sy het dié hospies vir siek en sterwende mense in Indië opgerig.


Die nonne wat lid is van Moeder Teresa se liefdadigheidsorganisasie dra almal dieselfde wit-en-blou sari.




Moeder Teresa is deur die Katolieke Kerk heilig verklaar. Sy staan nou bekend as die Geseënde Teresa van Kalkutta. Dit is 'n eer wat selfs groter is as die toekenning van die Nobelprys vir Vrede aan haar in 1979.

### DIE NON MET DIE GROOT HART: MOEDER TERESA

(2) Moeder Teresa is 'n voorbeeld van iemand wie se goedhartigheid geen perke geken het nie. Sy het haar hele lewe daaraan gewy om die armes, siekes, behoeftiges en hulpelose mense te help.

### (3) Haar grootwordjare

Moeder Teresa is in 1910 in die stad Skopje in Macedonië gebore. Haar naam was eers Anjezë Gonxhe Bojaxhiu. Haar pa is dood toe sy agt jaar oud was en haar ma het haar alleen grootgemaak. Sy het op 'n vroeë ouderdom besluit om haar lewe as 'n non aan die Here te wy. Toe sy 18 jaar oud was, het sy by die Susters van Loreto aangesluit met die doel om sendingwerk in Indië te doen. Sy moes egter eers in Ierland gaan Engels leer. 'n Jaar later het sy sendingwerk in Darjeeling, Indië, gaan doen. Sy moes eers die plaaslike Bengaalse taal bemeester en het 'n onderwyseres geword. In dié tyd het sy haar eed as non afgelê en die naam Teresa aangeneem. Sy het baie jare klas gegee en die hoof van 'n skool in Kalkutta (nou Kolkata) geword.

### (4) Sy kry weer 'n roeping

As 36-jarige vrou het Moeder Teresa 'n roeping gekry om Indië se armes te help. Sy het basiese mediese opleiding ontvang en haar bediening begin. Dit was moeilik in die jare rondom Indië se onafhanklikwording in 1948. Sy het min ondersteuning gekry. Terwyl sy die armstes van die armes probeer kos gee het, het sy self dikwels honger gely en moes sy selfs bedel vir kos.

(5) Ander vroue het by Moeder Teresa begin aansluit. Sy stig toe die Missionaries of Charity, 'n organisasie met die doelwit om te sorg vir "die hongeres, naaktes, dakloses, kreupeles, blindes, die melaatses, almal in die samelewing wat verwerp, ongelief en onversorg is, en wat 'n las vir die samelewing geword het sodat hulle deur almal vermy word".

(6) Dit was hoë doelwitte, maar sy het dit reggekry. Die Missionaries of Charity het aanvanklik net 13 lede gehad. Vandag is daar meer as 4 000 nonne wat wêreldwyd net soos Moeder Teresa vir behoeftige mense omgee en hulle versorg. Moeder Teresa het aanhou werk – amper tot met haar dood in 1997.

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Skryf die EERSTE woord uit paragraaf 1 neer waarin daar 'n diftong voorkom en onderstreep die diftong. | (1) |
| 4.2 | Wat is die funksie van die agtervoegsel in hulpelose? (paragraaf 2). | (1) |
| 4.3 | Waarom word vroeë met 'n deelteken geskryf? | (1) |
| 4.4 | Gebruik die woord werk as 'n bepaler in jou eie samestellende afleiding. | (1) |
| 4.5 | Verdeel die woord "doelwitte" in klankgrepe. | (1) |
| 4.6 | Skryf die verkleiningsvorm van "roeping" neer. | (1) |
| 4.7 | Wat is die funksie van die koppelteken in 36-jarige? (paragraaf 4) | (1) |
| 4.8 | Gee die intensiewe vorm van "arm" (paragraaf 2). | (1) |
| 4.9 | Waarom word Moeder Theresa met hoofletters gespel? | (1) |
| 4.10 | Gebruik 'n akuutteken om die woord "grootgemaak" te beklemtoon. | (1) |
| 4.11 | Wat is die funksie van die hakies in paragraaf 3? | (1) |
| 4.12 | Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 oor in die ontkennende vorm. | (1) |
| 4.13 | Skryf die klankbou van bediening (paragraaf 4) neer. | (1) |
| | | **(13)** |

# VRAAG 5




(1)

**WEES OPREG**

Goedhartigheid beteken jy gee regtig om vir die mense rondom jou, jy wil die beste vir hulle hê en sien in hulle dieselfde behoeftes, hoop en vrese wat jy ook ervaar.

Omgee behels warmte, standvastigheid, geduld, vertroue, lojaliteit en dankbaarheid. Mense wat opreg goedhartig is, kies gewoonlik om byvoorbeeld iets soos 'n dokter, verpleegster of brandweerman te wees sodat hulle elke dag 'n verskil in ander mense se lewe kan maak.

(2)

**LEER VAN ANDER**

Dink aan die gawe mense in jou lewe wat werklik goeie harte het. Hoe laat hulle jou voel? Gee dit jou elke keer 'n warm gevoel om die hart wanneer jy aan hulle dink? Jy sal waarskynlik so voel, want goedhartigheid het 'n positiewe uitwerking op almal wat daarmee te doen kry.

(3)

**GEE ONVOORWAARDELIK OM**

Soms is goedhartigheid bedrieglik; party mense gee net voor hulle gee om. Hul vrygewigheid is vals. Sulke mense probeer ander met gaafheid manipuleer om iets vir hulself te kry of om ander mense te beheer. Dit is nie goedhartigheid nie. Dit is ook vals wanneer 'n mens voorgee jy gee vir iemand om, maar eintlik in die geheim kwaad of gefrustreerd voel of iets of iemand verag.

5.1 Dui die onderwerp aan in die volgende onderstreepte sin (paragraaf 3).
"party mense gee net voor hulle gee om." (1)

5.2 Brei die volgende sin uit deur énige bywoordelike bepaling by die sin te voeg "Hul vrygewigheid is vals" (paragraaf 3). (1)

5.3 Dui aan of die woord "positiewe" (paragraaf 2) 'n simpleks of 'n afleiding is. (1)

5.4 Gebruik die homoniem van "hoop" (paragraaf 1) in jou eie duidelike sin. (1)

5.5 Identifiseer die volgende onderstreepte WOORDSOORTE volledig.

5.5.1 Goedhartig beteken jy gee regtig om vir die mense rondom jou. (1)

5.5.2 Dink aan die gawe mense rondom jou. (1)

5.6 Watter tipe sin is die onderstreepte sin in paragraaf 2? (1)

**(7)**

**TOTAAL [20]**

## AFDELING B – Poësie

### VRAAG 6

**Ek het 'n huisie by die see**

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.

Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

6.1 Haal 'n voorbeeld van <u>assonansie</u> uit die eerste strofe aan. (1)

6.2 Watter soort beeldspraak is "winde huil"?
Motiveer jou antwoord. (2)

6.3 Hoekom kon hierdie gedig so maklik in 'n liedjie omskep word?
Noem een rede. (1)

6.4 Watter tipe gedig is hierdie? Skryf die korrekte nommer neer.

6.4.1 Vrye vers

6.4.2 Engelse sonnet

6.4.3 Kruisgedig (1)

6.4.4 Gee EEN rede vir jou antwoord wat jy hierbo gekies het. (1)

**[6]**

**VRAAG 7**

**Brood**

## Brood

*vir Chris*
*die Broodbakker in Hogsback*

~~dit is met 'n beskeie eetlus~~
wat ons die appelkoos-en-pekanneut-brood
begin eet
~~maar gou is eet nie meer eet~~
maar
verorber!
~~ons kan nie die lip-lek-lekker lustigheid beteuel~~
op verbeeldingsvlugte vertrek die tonge
~~breek nog stukke~~
onbeskaamd
besmeer dit met golwe
~~heuning~~
kaneel
en dadels
~~maak ons krismiskoek~~
in die middel
van
januarie

~~ek sien hoe jy die bakproses beraam~~
meet kalkuleer spekuleer
en hoop met
~~'n intense~~
doel
voor
oë
dat
die
brood
bo
~~verwagting~~
sal
rys



7.1 Met watter woord vorm "onbeskaamd" (reël 10) 'n kontras? (1)

7.2 Watter klank in reël 20 is baie opvallend? (1)

7.3 Wie is die "jy" in strofe 2 en wat is sy beroep? (2)

7.4 As jy die uiterlike bou van hierdie gedig bestudeer, watter soort gedig is dit dan? Motiveer jou antwoord. (2)

**[6]**

**VRAAG 8**

## Skadu's teen die muur

Die donker kom van buite
en syfer deur die ruite
en ek gooi nog 'n paar kole op die vuur.
En die tafel en die laaikas –
en alles wat eers vas was –
versmelt tot blote skadu's teen die muur.

Ons drome van gister
word somber en sinister,
want, kyk, alles het 'n vasgestelde uur:
Ons beplan toringblokke,
maar die slopers is betrokke
en ons drome is bloot skadu's teen die muur.

Met orrelbegeleiding
kom die voorspel tot die skeiding,
maar dis alles reg – die liefde is 'n vuur;
en van die vorige hofmaak
hoor ons later in die hofsaak,
want die liefde is 'n skadu teen die muur.

In swart of wit getooi,
in 'n stoet of in konvooi,
wonder elkeen hoe lank alles nog sal duur;
en leef holderstebolder,
want die kis wag op die solder ...
en die lewe is 'n skadu teen die muur.

Die donker kom van buite
en syfer deur die ruite
en ek gooi nog 'n paar kole op die vuur.
En my voete en my hande
word ou bekende lande
in skadukaarte teen die kamermuur.
Die wêreld word 'n skadu teen die muur;
'n flikkerende skadu teen die muur.

8.1 Wat is die tema van die gedig? (1)

8.2 Wat in strofe 1 vorm 'n teenstelling met <u>donker</u>? (1)

8.3 Wat is die <u>vasgestelde uur</u> waarvan die digter in strofe 2 skryf? (1)

8.4 Watter soort beeldspraak kom in die volgende reël voor ... "die liefde is 'n vuur"? Skryf slegs die korrekte nommer neer.

8.4.1 Metafoor

8.4.2 Personifikasie

8.4.3 Vergelyking (1)

8.5 Het die spreker meer hoop aan die einde van die gedig? Bewys jou antwoord deur slegs EEN woord uit die laaste strofe neer te skryf. (1)

8.6 By watter twee woorde kan

8.6.1 stoet en

8.6.2 konfooi pas (2)

8.7 Verduidelik in jou eie woorde wat die digter bedoel met "ons beplan toringblokke"? (1)

**[8]**

**TOTAAL [20]**

## AFDELING D – Prosa

**VRAAG 9**

**Teks 1**

Toe ons teruggaan dorp toe, gee ouma Willemien vir my 'n kardoesie saam wat ek vir Juffrou moet gee. "Sit 'n briefie by wat sê jy's weer bly om weer terug by die skool te wees en dat jy hard sal werk."

By die huis pak ek my goed uit die tas. Die kardoesie met die boksie sjokolade lê op my bed. Ek kry skielik baie lus daarvoor. Ek maak die boksie oop en haal een van die balletjies uit. Net één, ek sal nét enetjie proe. Juffrou Pienaar sal tog nooit agterkom as daar net een uit is nie ...

Die sjokolade is heerlik. Dis soet en sag en smelt in my mond. Toe die sjokolade afgesuig is, byt ek die neut stukkend, maar spoeg dit dadelik uit. Die neut is bitter of iets. Hoe kan 'n fabriek lekker sjokolade só opmors om sulke bitter neute in te sit?

Toe ek my weer kom kry, steek ek nog 'n sjokolade in my mond. Ek suig net die sjokolade af, want ek wil nie weer die vetterige neutsmaak proe nie. Die derde sjokoladetjie is nóg lekkerder as die eerste twee. Die kaal neute sit ek mooi terug in die boksie. Toe ek inkyk om nog 'n laaste sjokoladetjie te vat, sien ek dit lyk nie reg nie. 'n Mens kan nie die kaal neute tussen die sjokoladetjies sit nie, want dan kan jy sien dat dit skoon gesuig is. Ek haal die afgesuigde neute uit. Die orige sjokolades rol los rond. Nou kan 'n mens weer sien dat iemand van die sjokolades uitgehaal het. Terwyl ek dink oor wat ek moet doen, suig ek nog drie neute skoon. Ouma Willemien is kapabel en bel juffrou Pienaar om te hoor of sy haar present gekry het! Ek sal aan 'n plan moet dink ...

Hoe bekommerder ek raak, hoe vinniger verdwyn die sjokolade in my mond en hoe vinniger kom die skoon neute daar uit. Toe ek weer kyk, is daar nog net 'n paar in die boksie oor. Die neute lê in 'n hopie op my kussing ...

En toe kry ek 'n idee!

Ek loop in die gang af en haal een van Mamma se bordjies wat sy daar opgehang het, van die muur af. Dis 'n baie mooi wit en blou bordjie. Agterop staan daar DELFT.

Terug in my kamer sit ek die hopie neute in die bordjie. Dit pas net reg daarin. Nie te veel nie, nie te min nie. In die kombuislaai kry ek 'n rol kleefplastiek waarmee ek die bordjie en die neute mooi styf toedraai. Ek gaan kry 'n vel skryfpapier en 'n pen by die telefoontafeltjie.

*Vir juffrou Pienaar*

skryf ek bo-aan. En toe, daaronder, skryf ek:

*Ek het Juffrou en die skool baie gemis toe ek siek was. Ek sal hard werk om die werk in te haal, Juffrou.*

*Groete*

*Gideonette*

9.1 Verskaf hierdie uittreksel (uit 'n kortverhaal) van jou eie titel. (1)

9.2 Hoe word die tydsverloop aangedui? (1)

9.3 Noem twee karaktereienskappe van Gideonette. (2)

9.4 Watter soort konflik ervaar Gideonette in paragraaf 4? (1)

9.5 Verduidelik die <u>kontras</u> tussen die juffrou en die ma se reaksie op die bordjie. (2)

9.6 Verduidelik die <u>rede</u> vir die ma se reaksie op die bordjie. (1)

9.7 Watter tipe verteller is hier aan die woord? (1)

9.8 Noem EEN voordeel van so 'n verteller. (1)

**(10)**

## VRAAG 10

### SUURLEMOEN

**Magic**

Daai uitdrukking wat sê jy't skoenlappers op jou maag as jy senuweeagtig is, is heeltemal verkeerd. Wat ek het, voel meer soos 'n swerm mossies wat baklei.

Ek knyp my oë 'n oomblik lank toe om van die lighoofdige gevoel ontslae te raak, en dan stap ons op die verhoog. Iemand fluit. Die crowd cheer. Die saal is stampvol. Daar is baie meer mense as by die semi's. Iemand met 'n geel Suurlemoen!-T-hemp spring op en af in die gehoor. Agter in die saal is 'n TV-kamera op 'n hengse stellasie. Dit voel asof die bloed in my ore begin dreun en die geskree van die crowd uitdoof.

Bongi tel ...

Een.

Twee.

Drie.

Ek voel soos 'n vliegtuig op autopilot ... alles gebeur asof vanself.

En dit begin nie te goed nie ...

Ons trek op 'n vals noot weg. My maag slaan bollemakiesie. Dis mos hoe dit altyd werk – as jy te lank en te veel na iets uitsien, loop als verkeerd. Van al die songs waarop iets kan fout gaan, moet dit nou juis met *Maak lemonade* wees. Bongi het voorgestel ons begin daarmee om ons op ons gemak te plaas. In die middel van die kitaarsolo breek een van my kitaar se snare. Daar's 'n nare twang!-geluid en my hart sak tot in my skoene. Zane en Bongi kyk verbaas vir my, maar gelukkig hou

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Uit wie se perspektief word die verhaal "Suurlemoen" vertel? | (1) |
| 10.2 | Beskryf <u>hierdie</u> persoon in vraag 9.1 deur twee eienskappe van hom/haar te skryf. | (2) |
| 10.3 | Wat sou jy as die hoogtepunt van die <u>verhaal</u> "Suurlemoen" beskou? | (1) |
| 10.4 | Hoe voel jy oor die <u>tienertaal</u> in hierdie storie? Sou jy sê dit is gepas? | (1) |
| 10.5 | Skryf 'n voorbeeld van 'n vergelyking uit dié gedeelte neer. | (1) |

10.6 Skryf 'n voorbeeld van klanknabootsing uit hierdie gedeelte neer. (1)

10.7 Wie is die "casanova" in hierdie verhaal? Motiveer jou antwoord. (2)

10.8 Die grootste bewonderaar van die groep "Suurlemoen" is Frik van Tonder. Waarom is dit ironies? (1)

**(10)**

## GROOT TOTAAL [80]

| HIERDIE ASSESSERING IS GOEDGEKEUR EN AFGETEKEN DEUR: | |
|---|---|
| VAKHOOF / DEPARTEMENTSHOOF | DATUM |